ERFDEEL

TIENERBEDIENINGSLEIER



Aansoeke word ingewag vir ‘n voltydse pos van **Tienerbedieningsleier** vir Erfdeel Gemeente.

Profiel van die pos:

- Oorhoofse koördinering van die Jeugbediening in Erfdeel gemeente in samewerking met die Jeugkomitee.
- Leiding en koördinering van die Tienerbediening vir Gr 8 tot 12 in Erfdeel gemeente (Dit sluit kampe in. Erfdeel se tieners is die primêre fokus van die bediening, maar sekondêr sluit dit die hele Goudveld in aangesien ons tieners vanoor die hele Goudveld kom).
- Lei van Tiener-eredienste en lei of koördinering van *Praise & Worship*-geleenthede.
- Koördinering en toerusting van Kategetiese Onderrig in die gemeente en persoonlike begeleiding van die *Finale Jaar Katkisante*. Die suksesvolle kandidaat moet die inisiatief kan neem om voortdurend navorsing te doen om die kategese-kurrikulum progressief aan te pas en saam te stel.
- Pastorale begeleiding van die Tieners wat by die bediening inskakel, asook tieners wat geen verbintenis met die gemeente het nie.
- Skakeling met en betrokkenheid by omringende skole en gemeentes in die Goudveld.
- Oprigting en vestiging van ‘n bediening vir Werkende jongmense (aanbeveling).

Profiel van die kandidaat:

- Die suksesvolle kandidaat moet lief wees vir die Here en ‘n **lewende verhouding** met Hom hê.
- Hy/sy moet ‘n **passie** vir tieners hê en moet die tienerbediening in Erfdeel gemeente op eie inisiatief kan opbou en uitbrei.
- Die persoon moet gemaklik met **mense** van sy/haar ouderdom en ouer mense oor die weg kan kom en saamwerk.
- Die persoon moet ***kreatief*** kan dink in terme van ‘n *hedendaagse* Tienerbediening.
- Hy/sy moet altyd oop wees vir **nuwe uitdagings** en moet sensitief wees vir die stem van die Here.
- Hy /sy moet verkieslik ‘n aanvoeling vir **musiek** hê en moet die lofprysing en aanbidding (“*worship”)* van die tieners kan lei of ‘n span op die been bring om dit te doen. Die speel van ‘n musiekinstrument sal as aanbeveling dien, maar is nie ‘n vereiste nie.
- Gepaste **opleiding** in en/of vorige **ervaring** van Tienerbediening is ‘n sterk aanbeveling.
- Die persoon moet ook bereid wees om **verdere** en voortdurende **opleiding** te ondergaan.

Vergoeding: ‘n *Mededingende* Totale Koste Vergoedingspakket sal onderhandel word.
Sluitingsdatum: Sondag, 15 November 2015 om 11vm
Posaanvaarding: 1 Januarie 2016

Aansoeke: Stuur volledige CV (met 2 referente) per e-pos na erfdeel@internext.co.za.
Navrae: Kontak *Miranda Wiid* by 057 388 3186 of Ds Peet Louw by 057 388 4533 of 084 522 0079.

Die kerkraad van Erfdeel Gemeente behou die reg voor om geen aanstelling te maak uit die aansoeke nie.